# Graad 7 Afrikaans EAT
# Termyn 4 Gekontroleerde Toets

Skool se naam: ______________________________

Datum: ____________________ Tyd: 2 Huur

Totaal: ____________ / 60 punte

Skoolwapen:

| | Naam | Datum |
|---|---|---|
| Eksaminator | | |
| Moderator | | |

**Instruksies:**

Hierdie vraestel bestaan uit 4 afdelings:

1. Afdeling A: Literêre Teks (20 punte)
2. Afdeling B: Visuele Teks (10 punte)
3. Afdeling C: Opsomming (10 punte)
4. Afdeling D: Taal in konteks (20 punte)

- Beantwoord al die vrae.
- Lees jou vrae deeglik deur.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.




twinkl besoek twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

## **Afdeling A:** Literêre Teks

Voltooi die volgende vrae.

**Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**



'n Dolfyn is 'n water soogdier, hy is familie van die walvis en tornyn. Die naam kom van die ou-Griekse woord "delphis", wat: "met 'n baarmoeder" beteken. Dié vis het dus 'n baarmoeder. Dolfyne is die enigste diere wat se babas met die stert eerste gebore word. Andersins kan die baba verdrink. 'n Groep dolfyne saam, word 'n skool genoem.

**Het jy geweet?**
Visse soek van die begin af hul eie kos maar pasgebore dolfyne drink hul ma se melk. Hulle gebruik eggo geluide om prooi soos klein visse en inkvisse te op te spoor.

Dolfyne gebruik nie hul tande om kos te kou nie. Hulle vang die vis met hul tande en sluk dit dan heel in. Die dolfyn se kaak het baie tande, tot soveel as 250 in sommige spesies. Maar dolfyne het nie eers kouspiere nie!

Die dolfyne is klein tot gemiddelde grootte en wissel tussen 1,5m - 10m in lengte en 50kg - 6000 kg in gewig. Die mannetjies is gewoonlik groter as die wyfies.

**Het jy geweet?**
Dolfyne is warmbloedig en moet voedsel eet om warm te word. Gewoonlik is visse koudbloedig.

Die dolfyn het 'n baie unieke kop-vorm; dit lyk asof die voorkop uitbult bo-oor die bek of rostrum. Die dolfyn se liggaam voel gewoonlik glad en dit is vaartbelyn. Die meeste het wel dorsale vinne. Sommige spesies het baie treffende kleur patrone oor hul liggame.

**Het jy geweet?**
Dolfyne word lewendig gebore, hulle lê nie eiers soos ander visspesies nie.

Die dolfyn-brein is groot en hoogs-ontwikkeld. Hulle is waarskynlik baie intelligent. Hulle kan mekaar onthou al was hulle oor 'n dekade geskei. Die dolfyn slaap nooit baie diep nie, aangesien die helfte van die brein op 'n keer rus. Dit verseker dat die dolfyn nog bly asemhaal en oplettend bly vir enige dreigende gevaar.

'n Moordvis is die grootste dolfyn. Hulle is nie 'n tipe walvis soos wat baie mense dink nie. Moordvisse het enorme tande wat tot 8cm lank is om prooi soos vis, robbe, ander dolfyne en selfs walvisse te jag. Hulle is 8meter lank en weeg 6 000kg. Hulle het groter breine as mense.


LIVEWORKSHEETS

| Woordblok: | | |
|---|---|---|
| soogdier – mammal | baarmoeder – uterus | gemiddelde- average |
| wissel – vary | voorkop - forehead | snawel – beak |
| glad – smooth | gestroomlyn – streamline | dorsale – dorsal |
| treffende – striking | patrone – patterns | ontwikkeld – developed |
| helfte – half | asemhaal – breathe | oplettend – observant |
| dreigende – threatening | gevaar – danger | visspesies – fish species |

1. Beantwoord die vrae met **kort** antwoorde.

1.1. Wat beteken die woord, 'delphis'?____________________ (1)

1.2. Hoeveel jaar is 'n dekade?____________________ (1)

1.3. Wat noem ons 'n groep dolfyne?____________________ (1)

1.4. Hoeveel tande het 'n dolfyn?____________________ (1)

1.5. Wat is die naam van die grootste dolfyn spesie?____________________ (1)

2. Die volgende stellings is **onwaar**. Korrigeer die stellings

2.1. 'n Dolfyn slaap baie diep.

________________________________________(1)

2.2. Die swaarste dolfyne kan tot 400kg weeg.

________________________________________(1)

2.3. Die kleur van 'n dolfyn se liggaam, is net grys.

________________________________________(1)

2.4. Dolfyne kan mekaar net 10 minute lank onthou.

________________________________________(1)

3. **Onderstreep** die korrekte antwoord.

3.1 Die Moordvis is ...

a. die langste walvis.

b. die grootste walvis.

c. nie 'n walvis nie. (1)


LIVEWORKSHEETS

3.2 Die dolfynbrein is...

a) groot en gedeeltelik-ontwikkel.

b) klein en onder-ontwikkel

c) groot en hoogs-ontwikkel. (1)

3.3 Dolfyne se prooi is... (onderstreep die antwoord wat nie pas nie)

a) arende.

b) inkvis.

c) klein visse. (1)

3.4 'n Moordvis se tande kan tot ___cm lank word.

a) 20

b) 8

c) 10 (1)

4. Voltooi die volgende tabel deur die verskille tussen visse en dolfyne in te vul.

| **Dolfyne:** | **Visse:** |
|---|---|
| 1. Die babas drink ______________ van die ma. | 1. Die babas moet op hul eie__________ soek. |
| 2. Die babas word____________ gebore. | 2. Die mamma vis lê______________. |
| 3. Die spesie is_____________bloedig. | 3. Die spesie is_____________bloedig. |

(6)

5. Beantwoord die volgende vraag deur gebruik te maak van 'n **volsin**.

Beskryf die geboorte van 'n dolfyn en die rede daarvoor.________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________(1)

| **TOTAAL:** | | **20** |
|---|---|---|



twinkl
besoek twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

## **Afdeling B:** Visuele Teks

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.




1. Kies die korrekte antwoord deur dit te **onderstreep**.

1.1 Daagliks beteken, ...

a) elke week. b) elke maand. c) elke dag. (1)

1.2 Hierdie advertensie adverteer...

a) 'n boek oor 'n akwarium. b) akwariums in Durban. c) 'n akwarium in Dubai. (1)

1.3 Dit gaan jou ___ kos vir 'n kaartjie.

a) R110 per gesin b) R110 per persoon c) R110 per motor (1)

1.4 Hierdie aanbod is...

a. geldig vanaf 31 November 2024.

b. onmiddelik geldig tot 31 November 2025.

c. onmiddelik geldig tot 31 November 2024. (1)


LIVEWORKSHEETS

2. Vul die **ontbrekende** woorde in.

2.1 Ons het die ____________________ -grootste akwarium in die wêreld, met __________ tenks gevul met ____________________ kubieke meter water. (3)

3. Beantwoord die vrae **kortliks**.

3.1 Noem een dier wat jy in die advertensie kan sien. ____________________ (1)

3.2 Waar kan ek kaartjies koop? ____________________ (1)

4. Beantwoord die volgende vraag deur gebruik te maak van 'n **volsin**.

4.1 Sal jy 'n akwarium by jou huis wil hê? Motiveer jou antwoord.

____________________________________________________________ (1)

| **TOTAAL:** | | **10** |
|---|---|---|

## **Afdeling C:** Opsomming

'n Akwarium is 'n wonderlike manier om 'n bietjie natuur in jou huis in te bring. Of jy nou op soek is na 'n rustige en kalmerende omgewing of 'n lewendige en opwindende een, 'n akwarium kan dit voorsien.

Akwariums kom in alle vorms en groottes, van klein lessenaar-tenks tot groot vloer-tot-plafon tenks. Hulle kan gevul word met 'n verskeidenheid visse, plante en ander waterlewe.

Wanneer jy 'n akwarium bou, is dit belangrik om die grootte, tipe vis en ander waterlewe wat jy wil oorweeg, in ag te neem. Jy sal ook die tipe filterstelsel, beligting en ander toerusting wat jy nodig het om jou akwarium gesond te hou, moet oorweeg.

Sodra jy die tipe akwarium gekies het wat jy wil hê, kan jy begin om die vis- en ander waterlewe te kies. Dit is belangrik om navorsing te doen oor die tipe visse en ander waterlewe wat jy by jou akwarium wil insluit om te verseker dat hulle saam met mekaar kan oorleef.

Om vir 'n akwarium te sorg, is 'n belangrike deel daarvan om dit gesond te hou. Dit sluit in: gereelde water veranderings, die toets van die water en die versorging van vis en ander waterlewe, van die regte kos en omgewing. Dit is ook belangrik om die akwarium te monitor vir tekens van siekte of ander probleme.

(Verwerking van inligting op **https://af.dir.gg/list/aquarium/**)


twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

**OPDRAG:**

1) Som die volgende inligting puntsgewys op.
2) Som die inligting op in 5 sinne.
3) Verskaf 'n titel vir jou opsomming.
4) Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
5) Onthou om jou woordtelling neer te skryf.

| TOTAAL: | | 10 |
|---|---|---|

## **Afdeling D:** Taal in konteks

1. Skryf die volgende sinne in die **ontkennende / negatiewe** vorm.

1.1. Danika het altyd nuwe klere in haar kas.

Nee, ____________________ (1)

1.2. Het jy al ooit die nuwe supermark gesien?


Nee, ____________________ (1)

1.3. Die man gooi alles in die drom.

Nee, ____________________ (1)


LIVEWORKSHEETS

2. Kyk na die tekeninge hier onder. Skryf die sin oor in die **indirekte rede**.




**Tekening 1**

2.1 Nadia sê ____________________________________________(1)

**Tekening 2**

2.2 Benjamin vra ____________________________________________(1)

**Tekening 3**

2.3 Nadia sê ____________________________________________(1)

**Tekening 4**

2.4 Nadia sê ____________________________________________(1)

3. Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui. (**Lydende vorm**).

3.1. My oom sal vandag 'n akwarium in sy sitkamer sit.

'n Akwarium ____________________________________________(1)

3.2. Die bure het gister 'n partytjie in hulle tuin gehou?

'n Partytjie ____________________________________________(1)

3.3. Dolfyne doen gereeld toertjies in die see-akwarium.

Toertjies ____________________________________________(1)



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

4. Pas kolom A by kolom B en skryf slegs die korrekte letter langs die nommer neer **(Woordsoorte, sinonieme, antonieme en homofone, intensiewe vorm)**.

| **Beskrywing/ Vraag:** | **Antwoorde:** |
|---|---|
| 1. My akwarium lyk **mooi** in my kamer. - sinoniem | a) kleure |
| 2. Ons speel **buite** die huis, nie ___ nie. - antoniem | b) pragtig |
| 3. Die blomme het baie mooi (klere / kleure). - homofoon | c) lewenslank |
| 4. My ma koop vir **ons** roomys - woordsoort | d) bloedduur |
| 5. Daar swem 'n **skool** dolfyne in die see. - woordsoort | e) stoklank |
| 6. Al die houtplanke is **baie lank**.- intensiewe vorm | f) klere |
| 7. Al die kinders is **opgewonde**. - antoniem | g) peperduur |
| 8. Die see-visse vir my akwarium is **baie duur**. – intensiewe vorm | h) versamelnaam |
| | i) binne |
| | j) voornaamwoord |
| | k) hartseer |

1.______ 2.______ 3.______ 4.______ 5.______ 6.______ 7.______ 8.______ $(8 \times \frac{1}{2} = 4)$

5. Skryf die volgende sinne oor en voeg hulle bymekaar met die woord in hakies. **(Voegwoorde)**.
   5.1. Daar is baie visse in die akwarium. Hulle het 'n groot tenk. (daarom).
   ______________________________________________________________(1)
   5.2. 5.2 Ek is baie lief vir dolfyne. Hulle is intelligente diere. (omdat).
   ______________________________________________________________(1)

6. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies.
   6.1. My broer hou **baie** van visse, maar my ma hou (baie) ____________ van die visse **as** hy.
   6.2. Daar swem 'n (baie geel) _____________ vis in die een tenk.
   6.3. In die hierdie tenk is daar te veel visse, die tenk is (baie vol) _______________.
   6.4. Die koraal in die tenk is mooi, maar in die see is **die** koraal die (mooi)____________.

| **TOTAAL:** | | **20** |
|---|---|---|


LIVEWORKSHEETS